

## DOEL (ROEPING), PASSIE EN KRAG

Stephen Smith, 4 Desember 2011

- Hoe weet ek wat is God se wil vir my lewe?
- Hoe weet ek wat is my gawes en my roeping?
- Hoe kan ek 'n beroep vind wat in my begeertes voldoen?

***It's in Christ that we find out who we are and what we are living for. Long before we first heard of Christ,...He had His eye on us, had designs on us for glorious living, part of the overall purpose He is working out in everything and everyone.***

**Ephesians 1:11 (Message)**

***When we catch fire for God people will come and watch us burn.***

**– Charles Finney**

**Meeste mense sukkel met drie basiese vraagstukke in hul lewe.**

- Die eerste is *identiteit: Wie is ek?*
- Die tweede is *belangrikheid: Word ek benodig?*
- Die derde is *impak: Wat is my plek in die lewe?*

Dawid as die gesalfde koning van Israel het hom nie beroemd en gewild gemaak nie. Goliat het Dawid beroemd gemaak. Vanuit 'n konfrontasie, 'n ontsaglike toets – het groot oorwinning gekom en die manifestasie van 'n koning se salwing op sy lewe.

### **I. Roeping (1 Sam. 16:1-13)**

Samuel die profeet het deur Isai se familie gekyk en uiteindelik in **vers 12** eindig hy met Dawid as die regte persoon wie God uitgekies het. Samuel het hom toe as koning van Israel gesalf.

Heelwat later in **1 Samuel 17:17, 18** gee Isai opdrag aan Dawid om vir sy broers kos te vat, en om ondersoek te doen na die welstand van sy broers.

Meeste Christene funksioneer in 'n lae roeping vir hulself. Die hoër roeping vir Dawid in hierdie geval was om die salwing, die olie, die teenwoordigheid van die Heilige Gees en die roeping wat op sy lewe was saam te neem en die reus te verslaan.

Dawid het vanaf 'n laer roeping na 'n hoër roeping beweeg; vanaf sy vertrek van sy huis totdat hy die oorlogsveld bereik het en die situasie gesien het.

Hy sê vir die koning in **1 Samuel 17:34, 35**

***Daarop sê Dawid aan Saul: U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra, dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit; en as hy my aanval, gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood.***

***U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het.***

**1 Samuel 17:34-36**

Hy sê: *Luister. Ek het die leeu oorwin, en die beer. Waarom sit my broers daar met hulle moed in hulle skoene, wagtend dat iets moet gebeur? Waarom hardloop almal weg? En ek hou van wat hy volgende sê: **Met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos een van hulle (die leeu en die beer).***

God wil hê ons moet drome droom en onself sien in Sy wil, Sy bestemming vir ons. Hy wil hê ons moet Sy roeping, Sy doelwit en planne vir ons sien. Hy wil hê ons moet duiwels verjaag en uitjaag, probleme oplos, nuwe grond in besit neem en sout van die aarde wees. Om dit te doen, **het ons Sy salwing nodig!**

## 2. Passie

**Webster's dictionary:** "extreme, compelling emotion, intense emotional drive or excitement."

**Wanneer God die middelpunt van jou lewe is, aanbid jy. Wanneer Hy nie is nie, is jy bekommerd!**

Wanneer weet ons of God die middelpunt van ons lewe is? Wanneer ons Hom aanbid – nie alleenlik die vorm nie, maar ons heerlikheid uitleef tot Sy eer! Ongelowiges het 'n passie vir sonde. Ons aan die ander kant moet 'n passie vir sy teenwoordigheid hê en niks anders nie.

## 3. Krag

Wanneer ons 'n hoër roeping ontvang en 'n passie daarvoor het, sal ons eers die krag kry.

**Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou die KRAG (die salwing, intellek, verfrissing en vermoë) gee om rykdom te verwerwe...**

Kom ons vervang die woord "rykdom" met wat ons ook al van God nodig het binne ons verbond.

**Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou die (krag, salwing, intellek, verfrissing en vermoë) om (genesing, heelheid, bevryding, vryheid en seën) te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig! (Deut. 8:11, 12, 14, 17, 18)**

Die hoër roeping hier was om God se verbond te bevestig, nie net om rykdom te verwerf nie. Hoeveel van hierdie krag het ons nodig om ons kinders en ander familie, vriende, en mense by die werk, ook mense met wie ons in verbondskap staan te bedien?

### **Wat is 'n verbond?**

'n Verbond is een van die sterkste tipe bindende ooreenkomste wat aan die mens bekend is. Dit is 'n belofte, eed, en *commitment*. Dit is 'n ooreenkoms en belofte tussen twee of meer partye wat ooreenkom om die voorwaardes wat uit gestipuleer is na te kom en uit te voer. M.a.w., 'n *commitment* ('n waarborg) om daardie ooreenkomste uit te voer!

***Many are the plans in a man's heart, but it is the Lord's purpose that prevails.***

**Proverbs (NIV)**

Fokus op God se plan vir jou lewe, nie jou eie nie. Dit is God se planne wat vir ewig hou. ***Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! (Jer. 29:11 NV).***

***The future is as bright as the promises of God.***